

Maandag 29 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 2:1-12

Fokusgedeelte: Handeling 2:11b

Met die Gees vervul, praat jy oor die groot daad van God

Let maar op as julle saamkuier: Na 'n paar drankies is mense geneig om nogal breedsprakerig te word. Aan hulle praterij is daar kwalik grense. Groot-praterij wat die oplossings vir alle landsprobleme bied, vir die tekortkominge op die nasionale en internasionale sportvelde, vir die gebreke in die onderwys, vir die misdaadsituasie en vir bykans alle kerklike vraagstukke.

Ironies, want die kerke met die suiwer leer en belydenis vorder nie in Suid-Afrika nie. Is ons deurdronge van die Gees of deurdrink van die wyn (Ef. 5:18)? Mens is geneig om jou geloofsongemak agter een of ander lawwe opmerking weg te steek. Die opmerking wat tydens Pinkster gemaak is: "Hulle is dronk" (Hand. 2:12).

Wanneer jy, geroep deur God, geregverdig deur Christus, vervul is met die Heilige Gees (Hand. 2:4) ... Vervul sluit in: toegerus wees, deur die Gees beïnvloed word, deur die Gees voorsien word. Vervul sê: volledig met alles wat nodig is.

Dan kan ek en jy mos grootpraat. Dis 'n ander grootpraterij. Nou praat ons immers oor die groot dinge wat God doen. Nou getuig ons van sy wonderdade. Sy werke in Jesus Christus waaroor ons dankbaar verwonderd is. En die wonderlike is dat almal dit in hulle eie taal kan hoor om dit in hulle eie taal te kan sê.

Hoe anders sou die kerk vandag kon lyk as ons meer wou grootpraat ... oor die groot daad van God?

Te laat? Nee! Praat, en bly praat! Die Heilige Gees laat groei.

Sing: Psalm 19:2 (1936)

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)